Tzuria Leersentrum
Maudweg 94, Valhalla, 0137
Tel: 012 651 3902
lynette@tzuria.co.za
www.tzuria.co.za

Tzuria Leersentrum Kontrak 2012

A. Algemeen

1. Tzuria Leersentrum is ‘n akademiese fasiliteringsentrum (hulpsentrum) vir tuisonderrig en naskoolse tutorhulp. Dit is nie ‘n skool nie. Leerders word gementor akademies en andersins, in ‘n gedissiplineerde omgewing deur gekwalifiseerde, geregistreerde onderwysers.
2. Ouers dra die volle verantwoordelikheid vir hul kinders se onderrig en opvoeding en die onderwysdepartement en Tzuria Leersentrum word daarvan kwytgeskeld.
3. Daar word op eie verantwoordelikheid gebruik gemaak van die vakhulp, eksamentoesig en sosialiseringsgeleenthede wat deur Tzuria Leersentrum aangebied word.

B. Aansoeke

4. Elke aansoek om by Tzuria Leersentrum in te skryf sal oorweeg word deur die leierskap van Tzuria Leersentrum nadat ‘n onderhoud met die ouers en leerder plaasgevind het.
5. Die leierskap van Tzuria Leersentrum behou die reg voor om onderwys instansies waar die leerder voorheen ingeskryf was te kontak .
6. Die leierskap van Tzuria Leersentrum behou die reg voor om enige aansoek te aanvaar of af te keur.
7. Elke leerder wat aanvaar word is onderhewig wees aan ‘n drie maande proef tydperk.

C. Fooie & Betalings

8. Die volgende fooie geld vir 2012.
9. By aanvaarding is **die intreefooi van R850** (agt honderd en vyftig rand) onmiddelik betaalbaar.
10. As die intreefooi nie binne 14 dae ontvang word nie sal die aansoek gekanselleer word.
11. Die jaarlikse onderrig fooi is R 13 200 (dertien duisend tweehonderd rand) wat oor **11 (elf) maande betaalbaar is as R1200** (eenduisend tweehonderd rand) per maand, ***vooruitbetaalbaar voor of op die 1ste van elke maand***.
12. Aansoeke ontvang gedurende Januarie mag maandeliks vanaf 1 Januarie of 1 Februarie betaal vir die volgende 11 maande.
13. Enige aansoeke ontvang vanaf Februarie en later deur die jaar sal die fooie betaalbaar wees tot 1 Desember 2012.
14. Handboeke sal bestel word sodra die volle bedrag in die Tzuria rekening beskikbaar is of die kontant ontvang is.
15. Indien die leerder om welke rede ookal die sentrum verlaat, is die intree fooi en die betrokke maand se fooi nie terug betaalbaar nie. Die handboeke bly die leerder se eiendom.
16. Slegs kontant of internet betalings sal aanvaar word. EFT betalings word verkies aangesien dit bankkostes spaar vir beide partye.
17. ***Geen tjeks word aanvaar nie***.
18. Rekeninge wat twee maande agterstallig is sal oorgegee word aan invorderaars vir verhaling.
19. Nie-betaling van onderrig fooie sal onmiddellike kansellasie van die kontrak tot gevolg hê.
20. Geen akademiese resultate sal oorhandig word indien rekeninge nie volledig vereffen is nie.
21. Betalings kan gedoen word in die volgende bankrekening:

    Tzuria
    FNB – 62164544415 – Spaar rekening
    Eldoraigne – 251145
    Verwysing: Kind se naam en van

D. Beëindiging van Kontrak

22. Die Hoof van Tzuria Leersentrum behou die reg voor om die kontrak op enige stadium of enige tyd te kanselleer.
23. Indien ouers nie meer gebruik wil maak van die dienste van Tzuria Leersentrum nie, word een maand se betaalde kennis vereis.

E. Reëls en Regulasies

24. Die reëls van Tzuria Leersentrum, soos uitgesit in die Gedragskode, saamgelees met die reëls in hierdie kontrak, moet te alle tye nagekom word ten einde ‘n georganiseerde omgewing daar te stel.
25. Mentors, tutors, besoekers, mede-leerders, eiendom en toerusting moet ten alle tye gerespekteer word.
26. Leerders moet daarna streef om die beste eienskappe in hulself en hul mede-leerders uit te bring.
27. Gedurende werks-ure mag geen leerder die perseel verlaat sonder toestemming nie.
28. Leerders is beperk tot die klaskamers, kleedkamers en tuin. Toegang tot ander gebiede word ten strengste verbied.
29. Higiëne en nethied is van die uiterste belang. Elke leerder moet die kleedkamer skoon en netjies agterlaat na gebruik.

30. Geen selfone mag aangeskakel wees gedurende klastyd nie en moet liewers tuis gelaat word. Ouers is welkom om die kantoor te skakel om ‘n kind te bereik.
31. MP-3 spelers word toegelaat op eie risiko.
32. Enige waardevolle item wat die leerder saam bring na Tzuria Leersentrum is hy/haar se eie verantwoordelikheid om op te pas. Die Hoof en leierskap aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige verlies wat plaasvind gedurende bywoning by Tzuria Leersentrum.

33. Enige besit en/of verbruik van onwettige dwelmmiddels en/of alkohol op die sentrum perseel of op ‘n sentrum uitstappie sal onmiddelike skorsing tot gevolg bring.

34. Leerders moet alle take en portefeulje opdragte stiptelik in handig of verbeur die punte.

35. Indien ‘n leerder bogenoemde reëls oortree, sal sy/haar ouers in kennis gestel word en hy/sy sal gevra word om die perseel te verlaat.
36. Me L Hall, personeel en die leierskap van Tzuria Leersentrum reserveer die voorbehoud van regte.
37. Hoewel alle voorsorg getref word om die veiligheid van leerders te verseker, sal die Hoof en personeel en leierskap van Tzuria Leersentrum geen verantwoordelikheid vir enige verlies, besering of skade van enige wyse aanvaar nie.

Ons het die Tzuria Leersentrum Kontrak gelees en ons verbind onsself onvoorwaardelik daartoe met ons handtekeninge.

Geteken te _____(plek) op die _____(dag) van _____(maand) 20____ .

Naam van ouer: _____ Handtekening van ouer: _____

Naam van ouer: _____ Handtekening van ouer: _____

Lynette Hall
Hoof van Tzuria Leersentrum Handtekening: _____